HOE OM NA GOD TE LUISTER (1)
15 OKTOBER 2006
NG LYTTELTON-OOS
Ds Freddie Schoeman

Om te luister - regtig te luister - is seker een van die moeilikste dinge om te doen. Daar is baie redes daarvoor. Die grootste rede is dat daar 'n klomp geraas in ons lewens is:

- Van buite
  - Fisiese geraas: selfone, radio en tv, masjiene, motors, mense - dit is konstant
  - Mense wat ons aandag opeis: ons gesinne, ons werk, advertensies (luister na my! Nee, luister na my! Wag, luister na my!)
- Van binne
  - Begeertes en behoeftes - ons drome.
  - Vrese, angs, spanning - huidige verantwoordelikhede / toekoms ens.
  - Hartseer, pyn.

Al hierdie dinge maak dat ons moeilik luister - want om te luister verg aandag en konsentrasie. Geraas - van binne en van buite - trek ons aandag af en maak dit moeilik om te konsentreer.

Voorbeeld: hoe dikwels gebeur dit dat iemand met jou praat en jy hoor die woorde maar jy luister nie regtig nie. Jy is of besig om reeds jou eie antwoord te formuleer of jy dink aan jou eie probleme of die telefoon lui of iemand anders onderbreek die gesprek ...

Luister is inderdaad 'n moeilike ding om te doen ...

As dit so moeilik is om na mense te luister - hoeveel te meer is dit nie om na God te luister nie. God is dikwels slegs te vinde in stilte - en van stilte is daar nie baie sprake in ons tyd nie. Baie van ons hou nie van stilte nie - ons vlug weg van stilte. Stilte is bedreigend.

Maar om ons weg deur die wêreld te vind is dit noodsaaklik om te leer om na die stem van ons Herder te luister. Die wêreld is 'n doolhof en ons kan maklik verdwaal raak en in 'n doodloopstraat beland. Hoeveel van julle sit nie vanoggend hier en weet dat jou lewe in 'n doodloopstraat is nie? (Wanhoop? / Hoop?)

Die wêreld waarin ons leef raak al hoe meer deurmekaar.

Twee persone, Michael Armour en Don Browning het 'n boek geskryf oor kerklike leierskap en het die situasie waarin ons leef nogal raak opgesom. Hulle sê:

"We are going through a period of human history when change and complexity feeds on another. We change in order to deal with complexity. But change only makes things more complex. No wonder we end up confused. Nor is it surprising that conflict is on the rise. Confused people often end up at odds over the direction to take… The Four Big C's (change, complexity, confusion and conflict) have installed themselves in congregational life and refuse to budge. Conflict over congregational change is on the rise, making the task of leadership both more complex and more confusing. These are indeed challenging times."(Michael C. Armour, PH.D. and Don Browning. Systems-Sensitive Leadership. Empowering Diversity without Polarizing the Church. College Press Publishing Company, 1995, p.3. 1)

Beleef u iets hiervan? As ons nie heeltemal wil koers verloor nie is dit belangrik om die stem van die Here in hierdie komplekse en verwarrende tye te hoor.

Maar hoe? Hoe hoor ons die stem van die Here? Wat moet ons doen?

Om God se stem te hoor moet ons in die eerste plek verstaan dat ons as gelowiges in drie groot verhoudings leef: God / mekaar / ander.

Om die stem van die Here te hoor beteken onder andere dat ons hierdie drie verhoudings ernstig sal opneem.

Om na God te luister beteken dat ons in die heel eerste plek na God se Woord sal luister - dis waarin Hy Homself aan ons openbaar. Wanneer ons die Bybel oopmaak - dan hoor ons - deur die verhale van mense se ervarings met God - God se stem.

Om na God te luister moet ons ook leer om na mekaar te luister - want God praat met ons deur mede-gelowiges. Dis een van die redes waarom ons nie op ons eie die geloofspad kan aandurf nie. Ons het nodig om na mekaar te luister as ons regtig wil weet wat God se wil vir ons lewens is. Ons moet ook na onsself luister.

Om na God te luister beteken dat ons ook na ander sal luister - na die wêreld waarin ons leef asook na die tye (konteks / omstandighede / tendense) waarin ons leef. Ons moet luister na wat mense om ons sê.

Ons moet luister na die nood en die behoeftes van die wêreld - want dit is juis na die wêreld waarheen die Here ons stuur om sy liefde te gaan verkondig en demonstreer. Ons moet die brandende braambosse raaksien.

Om te luister na God beteken dat ons nie net sal hoor nie - maar ook sal doen. Daar is 'n verskil tussen hoor en luister. Wanneer ons net hoor, dan kan dit daarby bly. Maar wanneer ons luister, dan word hoor dóén. Om te regtig te luister is om *doelgerig diensbaar* te wees.

As ons regtig wil luister dan moet ons dit met 'n bepaalde gesindheid doen. Om te midde van al die geraas regtig te luister is nie maklik nie. En as ons gesindheid nie reg is nie, dan gaan ons nie baie *hoor* nie en dan ons nog minder *luister*.

As ons regtig na God se Woord wil luister - dan moet ons dit doen met 'n gesindheid van *leerbaarheid*. In stede daarvan dat ons met die teks werk moet ons toelaat dat die teks met ons werk! Ons moet toelaat dat die Here konstant nuwe dinge vir ons sê.

As ons regtig na mekaar wil luister - dan moet ons dit doen met 'n gesindheid van *vertroue*. Vertroue het twee kante: eerlikheid / betroubaarheid. Ons moet mekaar se goeie bedoelings aanvaar.

As ons regtig na ander wil luister - dan moet ons dit doen met 'n gesindheid van *deernis*. Ons is geneig om met 'n vyandige en selfs veroordelende gesindheid na ander en na die wêreld te kyk. Maar dan kan ons nie regtig die nood raak-hoor nie. Sondaars en tollenaar was gemaklik in Jesus se geselskap - hulle het gevoel Hy verstaan hulle want Hy het na hulle geluister sonder om hulle te verwerp of te veroordeel. Ons moet dieselfde doen.

As ons dan uiteindelik doelgerig diensbaar wil wees, dan moet ons 'n *openheid* hê vir nuwe dinge en nuwe rigtings waarin die Here ons wil lei. Ons moet nie in onsself geslote wees nie - ons moet nie vasgevang wees in ou gewoontes en tradisies nie. Ons moet loskom van onsself en oop wees na buite

Hoe gaan ons dit doen?

Ek wil u uitnooi om saam met my aan die voete van die Here te gaan sit en te gaan luister. Kom ons luister saam na wat die Here vir ons wil sê oor:

- Onsself
- Ons gesinne
- Ons gemeente
- Ons gemeenskap
- Ons land
- Ons wêreld

Ek wil voorstel dat ons onder andere luistergroepe vorm - kleingroepe waar ons gereeld bymekaarkom om intens te luister na die Woord deur saam daaroor te gesels en na te dink en ook met vertroue na mekaar te luister en na ons wêreld. As u deel wil wees ...

Ek wil u ook uitnooi om gereeld terugvoer te gee om 'n verskeidenheid van maniere oor wat u by die Here gehoor het: eredienste, skriftelik - afkondigings / Herout.

Volgende Sondag gaan ek praat oor die luistersiklus - wat 'n praktiese en sistematiese metode is om na die Here te luister - en gaan ons dan daarna begin om aan die hand van Jeremia te luister na wat die Here vir ons wil sê.

Jeremia is tans aan die beurt vir diegene wat die Woordwyser gebruik. Nuwe Woordwyser is van volgende Sondag beskikbaar (plaas bestellings). Huidige Woordwyser sluit met Jeremia en die nuwe een begin Desember by Markus. Dan gaan ons die luistersiklus aan die hand van Markus doen. Die nuwe Woordwyser se kleingroepriglyne is volgens die luistersiklus ingeklee. (Klein boekie oor hoe om die Woordwyser te gebruik vir persoonlike Bybelstudie / huisgodsdiens / stiltetyd).

Dan wil ek julle ook verder uitnooi om by die Here te gaan luister oor ons gemeente se droom. Waar wil Hy jou gebruik? Hoe wil Hy jou, met jou spesifieke mengsel van gawes, belangstellings, ervaring en talente, gebruik om die droom wat die Here vir die gemeente gegee het waar te maak.